# Buite Die Laer Uitgaan

Laat ons net 'n oomblik bly staan. Dierbare God, ons is dankbaar teenoor U vir hierdie nog 'n voorreg om in die huis van God te staan en die lewende God te aanbid. Ons is so dankbaar dat ons nog steeds hierdie voorreg in die land gegun word. En nou is ons ook dankbaar vir hierdie getroue mense, Here, wat vir baie myle ver gekom het, baie van hulle vir honderde myle. En sommige van hulle sal vanaand probeer om—om hulle pad langs die hoofpaaie, oor die hoofpad terug te storm. God, ek bid dat U met hulle sal wees en hulle help. Lei hulle, O Vader. Ons dank U vir hierdie klein buitjie reën wat die lug vir ons tydelik, afgekoel het.

2 En, Vader, ons bid dat U ons vanaand in U Woord sal ontmoet. Want, dis waarom ons bymekaar gekom het, Here, dis om U in die Woord te ontmoet. Help ons, Here, dat ons byeenkoms so heilsaam vir U Koninkryk sal wees, en dat ons so gehelp sou word dat ons ander mag help. Skenk hierdie dinge vra ons, in Jesus se Naam. Amen.

Julle kan sit.

3 Het net 'n paar private onderhoude daarbinne gehad. En net voor die byeenkoms begin het, het Billy my so 'n—'n vrag van hulle gegee dat ek—ek skaars geweet het hoe om te begin. Maar ons bid dat—dat God julle sal seën vir julle poging om vir die aanddiens oor te bly.

4 Nou, as God wil, sal ek volgende Sondagoggend weer 'n—'n diens hê. Ek het pas met die pastoor gepraat, en dis in orde wat hulle betref.

5 En nou wens ek dat ek die tyd gehad het om elke goeie vriend wat ek hierbinne het raak te sien, maar ek weet julle wag. Dis warm. En ek—ek sal net daardie tyd uitlaat, en—en net dít sê, "God seën julle."

6 Julle weet, ek weet nie van iets groters, wat enigiemand van my kon vra, as om te sê: "God seën jou," nie. Sien? As Hy dit sal doen, is dit al wat ek nodig het, net—net dit. Ek dink dis die grootste woord in die—in die dialek: "God seën julle." En, nou, en ek weet Hy doen dit.

7 En soos ek vir die vrou 'n paar oomblikke gelede gesê het. Ek het—ek het probeer om te bad, en ek kon nie droog word nie. Ek sou—ek sou my afdroog en dan is ek weer nat. Ek sou my afdroog, en ek sou selfs nie my hemp kon aankry nie. En dis 'n bietjie anders daar in Tucson. Dis omtrent tweekeer warmer as hier, maar dan het jy—het jy nie enige sweet nie. Daar is geen—daar is geen vog in die lug nie, dus word dit droog sodra jy uitkom. As jy 'n pan water daar sit, is dit weg. Jy kan nie

sweet nie, want dit word net weggeneem van jou voordat jy kan jy—jy kan sweet. Jy sweet wel, maar jy sien dit nooit nie. So, hier, het ek ’n lang tyd probeer om droog te word. So, en ek—ek is nou net sopnat.

8 Was daaragter in die kamer, en ons het sewe of agt mense in gehad wat noodgevalle was, en wat dadelik moes na omgesien word.

9 Nou, die rede waarom ek julle laat bly het en julle gevra het om te—te kom, is omdat ek—ek voel dat dit—dit voordelig vir ons is. Ek—ek sou dit nie doen nie, vriende. Ek—ek dink te veel van julle, om dit te doen, net om te kom om—om iemand aan te hoor, of te luister na wat ek te sê sou hê, of iets. Ek—ek sou dit nie doen nie. Dit sou nie reg wees nie. Dit sou nie my liefde vir julle wys om net so te kom nie. En ek glo nie dat julle kom. . . Hoewel, ek weet julle het my lief, soos ek julle liefhet. En—en daarom ek—ek—ek weet dit, óf julle sou nie die dinge doen wat julle doen nie. So, ek dink genoeg van julle, dat ek julle nie in die hitte en dinge soos dié sou laat sit, as ek nie gedink het dit was iets om julle te help nie.

10 Dan, voordat ek hiernatoe kom, probeer ek altyd my bes voor God om ietsie uit te soek, ’n sekere Skrif iewers, en vra Sy leiding, die laaste ding voor vertrek. “Help, Here God, op een of ander manier, gee—gee alles wat U kan aan daardie liewe mense.”

En ek verwag, en glo wel dat ek altyd by julle sal bly lewe. Ek glo dat dit die kortste tydjie is wat ons het, terwyl ons bymekaarstaan soos dié. Ons sal saam wees in die Ewigheid. Sien? Ek doen dit. Ek—ek—ek glo dit.

En ek wil julle help. En ek, indien ek enigiets verkeerd sê, die Hemelse Vader weet dis nie omdat ek van plan was om dit te doen nie; dis omdat ek dit onwetend doen; ek sou dit in onkunde doen.

11 Daarom, in die wete dat julle my verantwoordelikheid is en op my hande vir die Evangelie, sal ek julle altyd direk in die bladsye van hierdie Bybel wil hou. En—en ek. . .

Baiekeer het mense na my toe gekom en gesê: “Broer Branham, as jy net hiernatoe sal kom en ‘SO SPREEK DIE HERE’ vir my klein kindjie wat siek is, sal sê, sal dit wel wees. Gaan net soontoe en sê: ‘Dit sal gesond word.’ Dis al wat ek wil hê jy moet doen.”

12 Nou, dis lojaal en mooi. Hoe waardeer ek dit! Maar, julle weet, ek kan dit nie doen tensy Hy my eers sê nie. Sien? Ek kan vir die kind bid, alles doen wat ek kan.

Maar, sien julle, wat as ek met entoesiasme daarnatoe gegaan het en dit gesê het? Sien, as ek gesê het: “SO SPREEK DIE HERE,” sou dit net so spreek my entoesiasme gewees het.

Sien? Sien? En dan kan dit gebeur of nie gebeur nie. Maar, dan, wat dan as daardie selfde persoon onder my entoesiasme is, en dit gebeur nie? Daardie persoon kan dan somtyds in 'n—'n geval van tussen lewe en dood verkeer, waar sou hulle vertroue dan wees? Hulle sou bang wees dat ek dalk weer onder entoesiasme is. Sien?

Dus, wanneer ek dit sê, wil ek doodernstig wees dat dit met alles waarvan ek weet, reg is. En dan wanneer Hy met my praat, kan ek slegs sê wat Hy my gewys het. Of dit goed of sleg is, ek moet dit sê. En somtyds is dit—is dit nie aangenaam om mense daardie dinge te vertel nie. Maar, tog, is ek net so eershalwe verplig om die mense die—die slegte dinge wat hulle sal oorkom te vertel, as wat ek eershalwe verplig is om hulle die goeie dinge te vertel wat hulle sal oorkom.

13 En, alles in ag genome, trouens, ons wil die wil van die Here hê. Somtyds is die wil van die Here in stryd met ons begeertes. Maar, tog, as ons die wil van die Here wil hê, is dit net so kosbaar om te weet dat die kwaad ons sal oorkom, as dit die wil van die Here is. Of dit goed of kwaad is, dis die wil van die Here wat ons wil gedoen hê. En ek weet ons kyk daarna op daardie manier.

14 Nou, ek—ek weet die broers hier het gewoonlik 'n dertig minute, twintig tot dertig minute boodskap op Sondagaand. En ek—ek weet nie of ek dit kan doen of nie, dus ek—ek gaan net die beste doen wat ek kan.

15 Nou, ek dink daar is 'n doopdiens onmiddellik hierna. Ek het gehoor hulle het vanmôre 'n groot groep mense gedoop. Hier word deurentyd gedoop, die hele tyd. Predikers, Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, kerk van God, Lutherane, wat dit ook al is, kom en word in die Naam van "die Here Jesus Christus." gedoop.

En voor God, wanneer ek by die Regbank moet staan, sal ek daarvoor moet antwoord. En as ek net so helder in my gedagtes was, van geregverdig wees in alles in my lewe, as wat ek is daarvan, sou ek nou dadelik vir die Wegraping gereed wees, want ek weet dit is die Evangelie Waarheid. Sien? Dit is die Waarheid.

16 Daar is nie een Skrif in die Bybel waar enigiemand ooit op enige ander manier as in die Naam van Jesus Christus gedoop is nie. Die kommissie van "Vader, Seun, en Heilige Gees," is net. . . "Gaan dan heen, leer al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader, Seun, Heilige Gees." Nie in die. . .nie roep hierdie titel oor hulle uit nie; maar doop hulle in die *Naam* van die Vader, Seun, Heilige Gees, wat "die Here Jesus Christus" is.

17 Almal in die Bybel is in die Naam van Jesus Christus gedoop. En die Bybel het gesê, dat: "Wie ook al een Woord Daarvan sal wegneem, of een woord Daarby voeg, op enige

manier, wee diegene.” So ek het genoeg om oor bevrees te wees, behalwe nog iets by te voeg of Dit van die Skrif weg te neem.

Dit het my baie keer in die moeilikheid gebring, maar ek bly net daar staan. Hy is my verdediging. Dit het veroorsaak dat ek van menige vriend moes skei. Hulle het as gevolg daarvan van my weggegaan. Maar solank as ek net hierdie Vriend hier, die Here Jesus behou~! En Hy is die Woord. Ongeag wat, ru is die pad, swaar is die weg, Hy kom dieselfde weg. “En as hulle die Meester van die huis ‘Beëlsubub’ noem, hoeveel meer sal hulle dié van Sy dissipels noem!”

18 Nou mag die Here met julle almal wees en julle gedurende die week seën en julle die beste gee wat ek God voor kan bid om julle te gee, is my gebed.

Nou gaan ons uit die kosbare Woord lees.

19 En—en onthou nou, Woensdagaand weer. . .Is daar enige middelweekse biduur of iets? [Broer Neville sê: “Dinsdag, huisbiduur, Maandag— en Dinsdagaand.”—Red.] Maandag— en Dinsdagaand is huis—bidure. Ek skat die mense weet.

20 Broer Junior Jackson, is hy in die gebou? Ek. . .Broer Jackson, ek nie. . .[Broer Neville sê: “Ja, reg hier oorkant.”—Red.] Hy is hier, Broer Jackson. Goed. Ek—ek. . . Nog ’n Broer Jackson hier, ek. . .

En Broer Don Ruddell, is hy vanaand in die gebou? Broer Don, hier oorkant.

En baie van die ander broers, ek sien die broers hier van Arkansas, en Louisiana, en—en verskillende plekke van oor die land.

21 En ek het ook vanaand sommige en bejaarde broers hier. Ek het Broer Thomas Kidd wat hier oorkant na regs sit wat binne ’n paar dae vier—en—tagtig jaar oud sal wees. En ongeveer drie of vier jaar gelede vir prostraat probleme geopereer is en was aan die sterf aan kanker. Die dokter het hom net laat lê om te sterf. En ek het amper my ou motor geruïneer om bo in Ohio by hom te kom. En die Here Jesus het hom gesond en sterk genees. En hier, hy en sy klein metgesel, vanaand. En baie van julle ken hulle; miskien sommige nie. Maar hier is ’n man en vrou wat die Evangelie verkondig het voor ek gebore is. Dink daaraan, en ek is ’n ou man. Sien? Nou, en ek kyk na hulle, en hulle is steeds aan die gang, dan skep ek moed.

Almal van ons ken Broer Bill Dauch wat hier in die hoek sit.

22 En, o, hoe dankbaar is ons vir al God se groot seëninge! Mag dit by ons bly tot daardie laaste basuin blaas, en julle weet: “Ons sal saam met hulle weggevoer word, die Here

tegemoet in die lug.” Dink daaraan! Mense wat wegraak, hulle kan jou nie meer sien nie, maar jy kom by die res van die groep bymekaar.

“Hulle wat in die lewe oorbly tot by die Koms van die Here, sal nie verhoed, of verhinder,” is die woord: “dié wat ontslaap het,” nie dood nie. Nee, Christene gaan nie dood nie. Hulle neem net ’n klein rus, sien. Dis al. O, goeiste! “En die basuin van God sal weerklink; en dié wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan,” aan baie verskyn. En ewe skielik gebeur dit dat jy staan en kyk, en, wel, daar is ’n broer, en weet jy dis nie meer lank nie. Binne ’n paar minute: “Ons sal verander word, in ’n oomblik, in ’n oogwink. En sal saam met hulle op die aarde vermis word, weggeraap om die Here in die lug tegemoet te gaan.”

23 En om te dink, met alles wat ons in die Skrifte gesien het, en die duidelike bevestigings van die uur waarin ons lewe, kan dit voor die diens eindig gebeur, dink net vanaand daaraan.

Dan, daardeur, nader ons Sy Woord, terwyl ons na Hebreërs die 13de hoofstuk blaai, en ons gaan van die 10de tot die 14de vers lees. Of Hebreërs 10 en. . . of, of verskoon my Hebreërs 13:10 tot 14.

24 Nou, soos ek gesê het, ons, wanneer ons aan ons vlag trou sweer, wat goed is, ek. . . Ons staan altyd wanneer ons trou sweer. En alle ander groot gebeurtenisse, ons—ons staan in respek daarvoor, of saluut, ensovoorts, vir ons nasie. En wanneer hulle *“The Star—Spangled Banner”* speel, staan ons op aandag.

25 En as Christen soldate, laat ons op aandag staan terwyl ons die Woord van God lees. Luister goed na die lees van die Woord. Die rede waarom ek Dit graag lees; my woorde mag faal, maar Syne sal nie. Dus as ek Sy Woord alleen lees, sal julle geseën word. 10de vers van die 13de hoofstuk van Hebreërs.

> *Ons het ’n altaar waarvan die wat die tabernakel bedien, geen reg het om te eet nie; want die diere waarvan die bloed vir die sonde deur die hoëpriester in die heiligdom ingedra word, hulle liggame word buitekant die laer verbrand.*
>
> *Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely.*
>
> *Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra.*
>
> *Want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons soek die toekomstige.*

26 Here God, Wie vir hierdie Woord verantwoordelik is, en verantwoordelik is om Dit deur die eeue heen te versorg, om

toe te sien dat Dit onvervals na ons toe kom. Dit is suiwer, maagdelike Woord van God. Ons koester Dit so in ons harte op hierdie oomblik. Breek vanaand hierdie teks op, Here, in 'n konteks vir ons; dat ons, die kinders van die mens, die bevel van God kan verstaan. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

27 My onderwerp vir die—vanaand is: *Buite Die Laer Uitgaan*. Dis heeltemal 'n klein onderwerp, 'n bietjie eienaardig, maar julle weet, ons vind God gewoonlik in eienaardige dinge. Die wêreld raak so gevestig in 'n ding van gewoonte, dat enigiets wat ongewoon is aan die gewone trant eienaardig word.

Soos ek 'n paar dae gelede hier gepreek het, hier by die Tabernakel oor: *Die Snaakse Mens*. En die boer is 'n snaakse mens vir die sakeman; die sakeman 'n snaakse mens vir die boer. Die Christen is 'n snaakse mens vir die—gelowig… ongelowige, ensovoorts. Jy moet iemand se gek wees. Dus, enigiets ongewoons, dit maak jou 'n soort van 'n gek, vir die—die gewone gang.

28 En daarom, is God se mense, en Sy profete, en Sy—Sy boodskappers deur die tydperk, wat Sy Boodskap van die Woord gedra het, as gekke daarbuite beskou.

29 Noag was 'n gek vir sy groot intellektuele wêreld wat hy voor gepreek het. Noag…Was sekerlik 'n gek vir Farao; met sy voet op die troon en dit dan verlaat vir 'n klomp moddergrawers, soos hulle gedink het. En Jesus was 'n gek vir die mense. En die hele res van hulle wat vir God gewerk en gelewe het, was as gekke bestempel. Hulle moes uit die laer wat hulle gehad het, uitgaan.

30 Meer en meer word ek oortuig dat mense nie by Christus uitkom nie.

Nou, ek is hier om op enige manier wat ek kan, te probeer help, en my verklaring so duidelik te stel as wat ek weet hoe om dit te doen. En verdra my as julle sal.

31 Terwyl ek oor die nasie kyk en preek, en die mense aanskou, is ek ten volle oortuig dat die mense nie by Christus uitkom nie. En ek glo dat dit die vyand is wat hierdie hindernis gewerp het. Omdat, die rede waarom ek dit glo, is dat Hy nie die voorwerp is waarna hulle gewys is nie. Hulle is óf na 'n—'n—'n leerstelling, of 'n doktriene, of 'n party, of ondervinding, of 'n sensasie, of so—iets gewys, in plaas daarvan om na Christus, die Woord gewys te word.

Dis waarom ek dink dat mense hul Ewige bestemming op 'n sekere leerstelling, of 'n sekere sensasie laat rus. Soos, sommige sê: "Ek het in die Gees gedans. Ek—Ek het in tale gepraat. Ek—ek—ek het vuur oor my voel gaan." En weet julle, al daardie dinge kan deur die duiwel nageboots word?

32 Daar is net een ding wat hy nie kon naboots nie, dis die Woord. In die debat tussen hom en Jesus, het Jesus hom elke keer verslaan. “Daar staan geskrywe,” die Woord!

En ek glo vandag dat die rede waarom mense nie na Christus toe kom nie, is omdat hulle, baie van hulle, na ’n—’n—’n denominasie gewys word. “Kom en sluit by ons kerk aan.” Of: “Lees ons kategisme,” of: “Glo ons doktrine,” of—of ’n sekere stelsel van een of ander soort. Hulle word in die verkeerde rigting gewys. En hulle handelswyse en die lewe wat hulle sonder Christus lewe, bewys in hulle eie lewe, word deur daardie einste ding bewys.

33 Byvoorbeeld. Ek wil nie enigiemand se gevoelens seermaak nie. Maar, heen en weer oor die nasie, het ek vroue wat kort hare dra, veroordeel. Dis die Bybel. Ek het vroue wat kortbroek dra en grimeermiddels gebruik, veroordeel. En elke jaar word dit erger. Dit wys dat daar ’n ander vinger is, iewers, wat hulle ’n sekere ander pad wys. En hulle kom nie na Christus deur nie.

34 En hulle sê: “Ons behoort aan ’n kerk. Ons kerk glo nie . . . ” Dit maak nie enige verskil wat jou kerk glo nie.

God het gesê: “Dis verkeerd.” En as hulle wel na Christus toe deurkom, sou hulle daarmee ophou. En, nie alleen dit nie, maar die man sou sy plek inneem as hy na Christus toe deurkom, en daarteen wees. Mans sou nie hulle vroue toelaat om so op te tree nie. ’n Ware man wil nie hê sy vrou moet op daardie manier optree nie.

35 ’n Jong man wou nou die dag hier in die stad twee jong knape vermoor. Hulle was by ’n sekere vulstasie. Julle Jeffersonville mense het dit in die koerant gesien. En hierdie jongmeisie het by ’n vulstasie ingehardloop met niks aan nie, skaars enigiets, en die twee jong mans wat daar gesit het, het ’n aanmerking gemaak. En die joggie wou die twee knape doodmaak; en is daarvoor gearresteer en na die hof gestuur. En die regter het hom gevra: “Hoekom het jy . . . sy so aangetrek?”

Hy het gesê: “Ek dink sy lyk oulik.”

36 Nou, daar is iets verkeerd met daardie man. Ek gee nie om of hy ’n . . . Of hy ’n sondaar is nie, daar is iets verkeerd met hom. Sy liefde vir daardie vrou kon nie eg wees en haar dan so as lokaas vir honde gebruik nie. Daar is iets verkeerd. Het die mens al ooit by die besef gekom dat hulle tussen wat reg en verkeerd is kan oordeel?

37 Het julle die nuwe baaikostuums wat hulle uitgebring het, gesien? Ken julle my voorspelling dat vroue uiteindelik by vyeblare sou uitkom, drie—en—dertig jaar gelede? En nou het hulle dié wat in vyeblare aangetrek is, deurskynende rompe. Die Woord van die Here faal nooit nie. Sien? Dit sou net voor

die endtyd plaasvind, weer tot 'n vyeblaar kom. Ek het dit in "*Life*" tydskrif gelees. Dit is drie—en—dertig jaar gelede gesê, voor vroue tot hul val gekom het. Dit is vertel hoe hulle dit in hierdie dag sou doen, en hier is hulle. Hoe hulle klere soos mans sou aantrek, en hoe hulle sou. . . Die onsedelikhede van die vrou sou in hierdie nasie val.

38 Laagste van al die nasies wat daar in die wêreld is, is hierdie Amerika. Sy is die vuilste van die klomp. Dis volgens die statistieke. Die trou en skei syfers is hoër in hierdie nasie as in enige ander plek in die wêreld en ander nasies se patroon. Ons het gewoonlik vir Frankryk nagevolg, die vuilheid en gemors van daardie nasie, en nou kry hulle hul klere van ons. Ons het verby hulle grense gegaan.

39 Ek weet daar is een of ander rede waarom mense nie na Christus toe deurkom nie. As hulle sou, sou hulle nie so optree nie.

Jesus het buite die poorte gely, dat Hy Sy mense met Sy Eie Bloed kon heilig. *Heiligmaking*, kom van 'n Griekse woord, samegesteld, wat "gereinig, en vir gebruik opsy gesit is," beteken. En wanneer God Sy mense met die Bloed van Jesus reinig, reinig Hy hulle van die vuilheid van die wêreld en sit hulle opsy vir gebruik.

*Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely.*

40 Selfs die Volle Evangelie mense het reguit teruggegaan na daardie groef waaruit hulle gekom het. Wat was die Pinksterkerk veertig of vyftig jaar gelede? Hulle het die kerke waaruit hulle gekom het, die denominasies, vervloek, en verdoem, en bespot. Wat het hulle gedoen? "Net soos 'n hond omdraai na sy eie uitbraaksel, en die gewaste sog om in die modder te rol." Hulle het reguit omgedraai na dieselfde plek waarvandaan hulle gekap is, en nou is hulle kerke net so vuil soos die res van hulle.

41 Dit was iets, soos ek vanmôre gesê het. Soos, die mense is soos Petrus gesê het in Matthéüs 17:4 tot 8, waar hy gesê het: "Dis goed dat ons hier is. Laat ons drie tabernakels bou."

42 Maar die Gees het hulle beveel om dit nie te doen nie. Het gesê: "Dit is My geliefde Seun, luister na Hom," en Hy is die Woord. Dis na Wie ons moet kyk, die Woord, nie ons entoesiasme of iets anders nie. "Hy is My Woord; luister na Hom!" En wat het hulle gesien nadat hierdie Stem met hulle gepraat het? Selfs Moses en Elia was nie teenwoordig nie; nóg was daar 'n geloofsbelydenis; nóg was daar enigiets agtergelaat behalwe Jesus alleen, en Hy is die Woord. Dis al wat hulle gesien het.

Nou: "Buitekant die laer uitgaan."

43 Ons vind dat op hulle laer waar hierdie groot geleentheid plaasgevind het, bo—op die Berg van Verheerliking, soos Petrus dit later genoem het: “die heilige berg,” waar Hy hulle ontmoet het. Nou, ek glo nie dat die apostel bedoel het dat die berg heilig was nie; hy het bedoel dat dit ’n heilige God op dié berg was.

Dit is nie die heilige kerk nie; dis nie die heilige mense nie. Dis die Heilige Gees in die mense. Die Heilige Gees is heilig. Hy is ons aanwyser en ons leier.

44 En ons vind op hierdie klein laer bo—op die berg van Verheerliking, toe hulle opgedra is om te luister, was die enigste ding wat hulle opgedra is om te doen, was om na die Woord te luister. Die enigste ding wat hulle gesien het, was nie ’n geloofsbelydenis nie. Hulle het niks anders as net Jesus gesien nie, en Hy is die Woord wat vlees geword het.

Hoe pragtig is dit aan dieselfde laer wat in die tuin van Eden was. Toe God Sy Kerk in die tuin van Eden verskans het, Sy mense, het hulle een muur gehad om agter te bly; dit was die Woord. Hulle het een skild, een wapenrusting, een ding gehad, want God het geweet wat die duiwel sou verslaan, en dis die Woord.

45 Jesus het dieselfde ding gedoen. “Dit is die Woord; daar staan geskrywe.” En Satan het probeer om—om Dit te bedek, Dit nie aan te haal nie; Dit vir Hom te bedek. En Jesus het gesê: “En daar staan ook geskrywe.” Nou, ons moet by daardie Woord bly!

46 En in hierdie klein laer wat hulle daar gehad het van Petrus, Jakobus en Johannes; en Jesus, Moses, en Elia. En in hulle laer het hulle die Hemelse leërskare van die skaduwee, of die Ligkolom wat in hierdie wolk gehang het wat die Here Jesus verheerlik het. En toe hulle gereed was om ’n denominasie te maak, een vir die wet, en een vir die profete, ensovoorts, het die Stem gesê: “Dit is My geliefde Seun; luister na Hom.” Toe, waarvan hulle opgedra was, was presies net soos dit in Eden was: “Bly by die Woord!” Dit is God se laer vir Sy mense.

47 Dit lyk vandag asof dit ’n dag is wanneer mense buite die laer gaan. In alles, gaan hulle buite.

48 Julle weet, ek is ’n tyd gelede vertel dat hulle nou ’n straalvliegtuig het wat kan. . .daardie geraas maak wat ons hierrond hoor wat die vensters skud. Dis wanneer die vliegtuig so vinnig geword het dat dit sy eie klank kruis, word die klankgrens genoem. En wanneer dit buite sy eie klankgrens gaan, is dit amper onbeperk in wat dit kan doen.

En ek dink dat ons daarin ’n les kry. Wanneer ons buite ons eie klankgrens gaan, binne in die Woord van God, dan is dit

onbeperk wat God met 'n man kan doen wat gereed is om buite die laer, die laer van die mens is dit, uit te gaan. Nou, ons sien dit, om buite die laer uit te gaan, om uit buite dit te gaan.

49 Ek sien ook Satan neem sy mense, uit buite die laer van rede, buite die—die—die—die laer van—van gesonde verstand. Satan neem sy mense na die ander kant, buite die laer; God neem Sy mense buite, hierdie ander kant. En Satan het hulle buite die laer van algemene ordentlikheid geneem. Wanneer dit by 'n plek kom dat mense. . .en kan optree en doen, en met die dinge wat hulle vandag in die orde van sedes doen, wegkom. Dit gaan my verstand te bowe hoedat 'n man sy vrou só aangetrek, daarbuite kan sit en dan iemand klap wat haar beledig. Dis gesonde verstand verby. Hy behoort beter te weet as dit. Verby algemene fatsoenlikheid! Waar is die keerpunt?

50 Ek kan enige man of vrou van my ouderdom dit vra. Wat daarvan as my moeder of jou moeder omtrent vyftig jaar gelede op straat uitgegaan het met een van daardie kortbroeke of bikini's, wat julle dit ook al noem, aan? Die gereg sou hulle onmiddellik aangekeer het, en hulle in die kranksinnige gestig gesit het. 'n Dame wat haar huis sonder haar boklere verlaat, en sy behoort in die gestig te wees, want daar is iets verstandeliks verkeerd. En as dit verstandelik was om toé so 'n ding te doen, is dit sekerlik 'n teken dat iets kranksinnig geword het. Dit is steeds 'n verstandelike vertraagdheid, wat rede te bowe gaan; vuilheid!

51 En wanneer 'n man kan sigarette rook, en die dokters aan hom bewys het duisende elke jaar as gevolg daarvan sterf, en nog steeds sigarette rook, lyk dit of daar iets verkeerd is met daardie man se verstand.

En wanneer 'n man 'n verstandelike skok kry, en hy nie. . .homself nie kan regruk, wát hy doen nie, sal hy by elke dokterskantoor wat daar in die land is, soek om uit te vind wat met hom verkeerd is. Maar dan sal hy in die kroeg staan of in die motor, en drink tot hy heeltemal kranksinnig is; sy geld uitgee, om hom daarin te stoot. En as hy toevallig sonder die invloed van drank daarin gaan, dan sal hy elke pennie wat hy kry, in die dokter se spreekkamer uitgee, en probeer uitvind wat met hom verkeerd is. Dit maak nie sin nie.

52 As daar 'n hoendervalk oor die stad sou vlieg, en ek my geweer sou kry en in my agterplaas uitgaan en hierdie valk skiet, sou ek binne tien minute daarna in die tronk wees. Hulle sou my laat arresteer: "Vir—vir onverantwoordelike gedrag; het 'n vuurwapen in die stad hanteer; het menselewens met 'n geweer in gevaar gestel, en op 'n valk bo in die lug geskiet." Ek kon iemand doodgemaak het, sou hulle sê. "Hy behoort opgesluit te word."

En dan sal hulle 'n man genoeg drank verkoop om hom dronk te kry, en hom dan in 'n motor sit wat 'n hele familie kan laat sterf. En wanneer hy gevang word, word hy vyf dollar in koste gegee. Voorafbeplande moordenaar! Wat skort daar met die wêreld? Iets is iewers verkeerd.

53 Nou: "buite die laer uitgaan," buite welvoeglikheid, buite rede.

Julle let op, ons politici vandag sou niks oor die lees van die Bybel in die skool sê nie. Hulle is bang. Hulle weet nie watter kant die wind waai nie. Hulle weet nie of hulle die stem sal verloor of nie. Ons het nog 'n Abraham Lincoln nodig. Ons het nog 'n John Quincy Adam nodig. Ons het iemand nodig wat sal opstaan, ongeag watter kant die wind waai, en hul eerlike oortuigings gee.

54 'n Denominasionele prediker vandag, al wys jy hom die Waarheid in die Woord, weet hy nie wat om te doen nie. Hy is bang hy sal sy etekaartjie verloor. Ons het vandag mans en vroue nodig wat fors met die Evangelie is, iemand wat sal staan en hulle oortuiging stel, wat reg en verkeerd is, uitwys, of die Woord van God reg is of die denominasie reg is.

55 Jesus het gesê: "Laat elke mens se woord 'n leuen wees, en Myne die Waarheid. Hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woorde sal nooit verbygaan nie."

56 So, sien julle, hulle gaan buite die laer van God se Woord, om hulle antwoord te kry. Toe hy was. . .hulle van die laer van God se Woord afgebring het, soos hy aan Eva in die tuin van Eden gedoen het, het Satan vandag dieselfde ding gedoen. Goed. Ons vind dit. Mense is oorgehaal na hulle leerstellings en geloofsbelydenisse buite die laer, in hulle laer van leerstelling en geloofsbelydenis. Hulle het ook 'n laer, en dit plaas hulle in sy laer. Syne is die laer van opvoeding, teologie, werke, doktorsgraad, geleerdheid, persoonlikheid, alles wat teen God se Woordlaer is. God het 'n laer vir Sy mense. Die denominasie het hul eie laer.

57 Drieduisend jaar gelede kon 'n man God omtrent enige plek ontmoet het. Dit was algemene ding vir 'n man om God te ontmoet. Maar hoekom ontmoet hulle Hom nie vandag nie? Daar's meer mense, duisend keer duisende en miljoene meer mense as wat daar drieduisend jaar gelede was, en tog is God een of ander antieke iets wat van gepraat is, een of ander antieke geskiedenis. Hulle ontmoet God nie in die persoon, soos hulle baie jare gelede gedoen het, soos ek gesê het, drieduisend, ongeveer drieduisend jaar gelede nie. Hulle doen dit nie. Dis nie algemeen vir die mens om God te ontmoet nie. As 'n man daarvan praat, word hy as 'n kranksinnige mens beskou, iemand wat hul verstand verloor het. Dis so ongewoon vir hulle!

58 In die geval van Abraham en in sy laer, wel, dit was byna 'n alledaagse gebeurtenis dat Abraham God ontmoet het. Hy het met Hom gepraat. Nie net dít nie, maar toe hulle na Gerar afgegaan het om te vertoef, vind ons uit dat God daaronder in die laer met Abiméleg, 'n Filistyn, was. Dit was 'n baie algemene ding. Hulle het in die laer van Sy Teenwoordigheid gebly.

Vandag, lewe hulle in hulle eie laer, en hulle het niks te doen met God se laer nie. Hulle wil niks daarmee te doen hê nie, want dit is fanaties vir die wêreld. Dis fanaties vir hulle. Maar, onthou, toe God die eerste laer vir mense ingerig het, het Hy hulle met Sy Woord verskans. Hy doen dit altyd. Maar, in hulle laers vandag, doen hulle dit nie. Dis die rede waarom jy vandag nie soveel van God hoor nie. Nou, ek glo dat die—dat die laer . . .

59 Soos Moses, hoe Hy Moses in die wildernis ontmoet het. Moses het 'n laer daarbuite gehad waar hy sy skoonvader, Jetro, se skape aan die agterkant van die woestyn gevoer het. En eendag, aan hierdie tagtigjaar—oue skaapwagter, het hy 'n Lig gesien, 'n Vuurkolom in 'n bos, wat brand. En hy het God ontmoet; 'n man wat van God af weggehardloop het.

Die volgende dag. Somtyds laat 'n ontmoeting met God jou buitengewone dinge doen. Moses was baie buitengewoon, die volgende dag. Hy het sy vrou skrylings oor 'n muil laat sit, met 'n baba op haar heup; en sy lang baard wat afhang, met 'n krom stok in sy hand, gaan af na Egipte om die nasie oor te neem. As dit 'n verspotte gesig was!

"Waarnatoe gaan jy, Moses?"

"Gaan na Egipte."

"Waarvoor?"

60 "Om dit oor te neem!" Hy het God ontmoet. 'n Eenman inval. Dit het geweldig eienaardig gelyk. Maar, wat dit was, hy het dit gedoen omdat hy God ontmoet het. Net soos een persoon wat Rusland gaan oorneem; dis al wat mens nodig het, een persoon in die wil van God. Moses was in die wil van God. En 'n krom stok het hy in sy hand gehad, nie 'n swaard nie; 'n stok. Die buitengewone dinge doen God.

61 Maar, onthou, Moses moes buite die laer kom waarin hy gewoon het, om dit te doen, omdat hy daaronder met 'n hele leër was en dit nie kon doen nie. Met al die leërs van Egipte kon hy dit nie doen nie. Maar eendag het God hom in Sy laer ingenooi.

Hy het gesê: "Wie is U?"

62 Hy het gesê: "EK IS WIE EK IS." Nie: "Ek was, of sal wees" nie. Teenwoordige tyd: "EK IS! Ek is die God van Abraham, Isak, en van Jakob. Ek het die geroep van die mense

gehoor, en Ek onthou My belofte, en dis nou die tyd hiervoor om vervul te word. Ek stuur jou soontoe Moses, met hierdie stok wat in jou hand is."

63 Wat was dit? Nou, hy, die mense het gedink hy is kranksinnig. Maar wat het hy gedoen? Het uit sy eie laer gegaan. Farao het hom veertig jaar in die skoollaer opgevoed, en hy het gefaal. En dit het God nog veertig jaar geneem om dit uit hom uit te kry. Al sy geleerdheid en al sy teologie wat hy geleer is, dit het veertig jaar geneem om dit uit hom uit te kry. En toe het God hom veertig jaar lank gebruik.

64 God het 'n geweldige tyd in die voorbereiding van Sy man. Maar, julle sien, Hy kon nooit vir Mos—. . .Moses beetkry tot Moses uit sy eie mensgemaakte laer gekom het nie, van die militêre manier om dit te doen, en die natuurlike manier om dit te doen, tot die bonatuurlike manier om dit te doen. Dan, toe hy in daardie laer gekom het, kon God hom gebruik.

65 Nou, ons vind uit dat in hierdie wildernis. . .Ons let op dat toe hulle geneem het en hulle standpunt ingeneem het, en uit Egipte binne in God se laer gekom het; uit die laer van die priesters en almal van hulle gekom het wat sê: "Verkoop julleself as slawe vir die res van die tyd." Toe Moses die profeet afgekom het en die Woord van God wat op hande was, bevestig het, dat God Wat die belofte gemaak het daar was om die mense te verlos; het hulle uit die laer waarin hulle was, in die laer van God se beloofde Woord vir die uur, getrek. Hulle het daardie profeet geglo, want die teken van bevestiging het bewys dat dit presies die Woord van God was. En die dinge wat hy gedoen het, het bewys dat dit reg was, en die Vuurkolom het hom gevolg, het bewys dat dit die Woord van God was.

66 Nou, in hierdie laer was wonderwerke, tekens en wonders.

Hulle het hul buite in die wildernis laat intrek. Hulle het hul natuurlike laer verlaat. Hulle het die modderlaer verlaat. Hulle het die laer wat met strooi en steen gemaak is, verlaat om in tente buite in die wildernis te bly waar daar niks koring of niks anders was nie. Somtyds vra God ons om dwase dinge, volgens ons eie denke, te doen. En as jy ooit die laer van jou eie rede verlaat, is dit die plek waar jy God sal vind.

67 Let op, soos hulle na die wildernis uitgegaan het, was daar wonderwerke, tekens, toe hulle in hierdie laer in getrek het. Nou, onthou, hulle het Egipte se laer verlaat en na die wildernis met God se laer uitgetrek. Hoe weet julle dit was so? God het gesê: "Jou volk sal vir vierhonderd jaar vertoef, maar ek sal hulle met 'n magtige hand uitbring, en Ek sal hulle hierdie land hier gee." En hulle was op hulle pad, deur 'n bevestigde Lig, 'n bevestigde profeet, met tekens, wonders, dat God in die laer was en hulle op hul pad was. Hulle het 'n

Vuurkolom gehad. Hulle het ’n profeet gehad. Hulle het manna gehad. Hulle het lewende waters gehad. Amen! Hulle het verander, laergronde verander. Hulle moes dit doen. Hulle kon nie daardie dinge in Egipte sien nie. Hulle moes die laergronde verander om die bonatuurlike te sien.

68 So sal die mense van hierdie dag die laer moet verander van daardie denominasies wat sê: “Die dae van wonderwerke is verby. Daar is nie so—iets soos die doop van die Heilige Gees nie. En al hierdie Skrifte is verkeerd; en hulle werk vir ’n ander eeu.” Jy sal jou laergronde moet verander, buite daardie laer gaan na waar alle dinge moontlik is.

69 Almal van hulle het Sy Teenwoordigheid in die laer bevestig. Nou let dan op, hulle, dat hulle ’n mensgemaakte laer van tradisies en geloofsbelydenis gemaak het nadat Moses dood was. En God het vir baie jare met die mense gehandel. God is nie meer in Sy laer, hulle laer nie, want hulle het vir hulle ’n laer, ’n selfgemaakte laer gemaak.

70 Onthou, toe hulle uit Egipte geroep is, het God ’n profeet vir hulle voorsien, vir hulle ’n offerlam voorsien, hulle voorsien met alles wat hulle nodig gehad het; ’n woord, ’n teken, ’n wonderwerk, ’n profeet om hulle te lei, ’n versoening om vir hulle te sorg, die Vuurkolom om hulle te lei. En toe hulle buite in die wildernis gekom het, was hulle nog nie tevrede nie. Hulle wou iets hê wat hulleself kon doen. Genade het dit voorsien; nou wou hulle iets hê om te doen, hulleself, sodat hulle vir hul ’n organisasie kon maak, en lawaai en baklei en bohaai maak, wie die hoëpriester gaan wees, en wie *dit*, *dat*, of die *ander* sou wees. Eendag, het God gesê: “Moses, skei jou af van hulle,” en Hy het hulle net laat insluk in die verset van Korag.

71 Let nou op, al hierdie tekens en wonders het Sy Teenwoordigheid bevestig.

Toe het hy gemaak. . .die mens het vir homself ’n laer gemaak, ’n laer van geloofsbelydenis en tradisie, nie God se laer van Sy Woord nie. ’n Laer van hul eie! Hy moes hulle verlaat, want Hy is die Woord. Hy kan nie bly waar mense buite hierdie Woord geleer word nie. God kan nie in die laer bly nie. Hy kan nie. Hy het nooit nie. Hy moet bly presies waar Sy Woord is.

72 Toe hy daardie laer moes verlaat, toe, van daardie hele magdom mense wat Hy uit Egipte gebring het, het Hy net tussen Sy profete gebly, na wie Sy Woord gekom het. Die Woord het na die profeet gekom om die uur te bevestig. Hy het tussen die profete gebly en het aan die profeet geopenbaar. Hoe het hulle, die mense, gevloek en die ding vervloek. En God het hulle Sy gebooies en die weg van die lewe geleer. En die mense

was altyd daarteen en het die profeet vervolg, en uiteindelik gestenig, of het hom in stukke gesaag, en van hom ontslae geraak.

73 Jesus het gesê: "Watter een van die profete het julle vaders nie vermoor nie? Watter een van hulle, van die regverdiges wat aan hulle gestuur is?" En het gesê: "Die werke van julle vader sal julle doen." Hy het nie met kommuniste gepraat nie. Hy het met priesters, denominasionele mense, Fariseërs en Sadduseër gepraat. Ek veronderstel Sy stem sou nie vanaand baie verander het nie, net dalk 'n bietjie erger wees vir hulle.

74 Nou, ons vind uit dat Hy toe by Sy profeet gebly het. Hy het toe 'n vreemdeling vir hulle geword, want hy bly net in Sy Woord, om Dit te bevestig. Die Bybel het gesê dat Hy die waak hou oor Sy Woord, om Dit te bevestig. Hy probeer iemand vind.

As Hy net 'n halfhartige man, soos Simson, kan vind. Simson het sy krag aan God oorgegee, maar hy het sy hart aan Delila gegee. Dis die manier waarop ons vandag baie keer optree, om net iets vir God te gee, maar nie alles nie. Maar, God wil alles van ons hê.

75 Soos 'n versekeringspolis, wanneer mens 'n versekeringspolis kry, kan jy net sowel volle dekking kry. En dis wat hierdie blye versekering vir ons doen. Dis 'n volle dekkingspolis. Dit dek alles wat ons hier in hierdie lewe nodig het, en ons opstanding, en die Ewige Lewe. Dit sluit alles in.

76 Let op, God het toe uit hulle kamp vir vierhonderd jaar gebly. Hoekom? Hy het nie meer 'n profeet gehad nie. Vanaf die profeet Maleági tot die profeet Johannes, vierhonderd jaar, is daar nie een draai van 'n wiel wat Israel gedoen het nie. God was buite die laer. Hulle het Hom deur hul geloofsbelydenisse en hul selfsugtigheid, en hulle verskil teenoor die Woord uitgesit. Vierhonderd jaar sonder die Woord! Van een profeet na die ander het Hy getrek, tot die laaste profeet Maleági was, en toe was daar nie nog 'n profeet vir vierhonderd jaar nie.

77 En toe het God weer op die toneel verskyn. Eendag het Hy weer tussen hulle geloop, maar hulle tradisies het Sy plek so onder hulle ingeneem dat Hy 'n vreemdeling vir hulle was. Die tradisies van die vaders, wat waskomme gehad het, en—en die manier hoe om hulle hare te versorg, en sekere knope op hul baadjies te dra, en hul sekerlike priesters—priesterstogas; en—en een is 'n stoere Fariseër, en die ander een is 'n Sadduseër. En dit het die plek van die Woord onder daardie manne ingeneem, totdat, toe God hulle besoek, Hy 'n vreemdeling was.

78 Mag ek dit met liefde en respekte sê; maar om dit tuis te bring. Dis vandag dieselfde ding. Dit het niks verander nie. Wanneer Hy onder die mense in Sy krag en manifestasie kom,

om te bewys dat Sy Woord gister, vandag, en vir altyd dieselfde is, omdat Hy die Woord is, sê die mense: "'n Fortuinverteller, 'n Beëlsebub, 'n Jesus—alleen, of—of so—iets." Sommige klassifiseer jou iewers, maar dit moet so wees.

Sien, ons het nou nie 'n profeet vir omtrent tweeduisend jaar gehad nie. Die Heidene het nie een gekry nie, weet julle; teen die einde belowe. Nou, ons weet dit deur Skrif. Ons weet dit ook deur geskiedenis dat dit aan ons belowe is.

79 Nou, na vierhonderd jaar, het God eendag sommer tussen hulle geloop. Volgens die Skrif moes Hy vlees gemaak word, en onder hulle woon. "Sy Naam word Raadsman, Vredevors, Sterke God, Ewige Vader, genoem."

En toe Hy onder die mense gekom het, het hulle gesê: "Ons sal nie hierdie Man oor ons laat heers nie! Watter—watter genootskapskaart het Hy? Watter denominasie het Hom gestuur?" Hy het geen samewerking gehad nie. Elke kerk waarnatoe hy gegaan het, het hulle Hom uitgewerp. Hulle het niks met hom te doen gehad nie, want Hy was nie een van hulle nie.

En as dit toe so was, is dit nou so! Die Bybel het gesê dat die Laodicese kerk Hom sou buite sit, en Hy het geklop en probeer om in te kom. Daar is iewers iets verkeerd.

80 Nou, hoekom? Hulle het hul eie laer gemaak. Hulle, as hulle die Woord sou geken het, sou hulle geweet het Wie Hy was. Jesus het gesê: "As julle. . .Ondersoek die Skrifte, want julle meen dat julle Daarin die Ewige Lewe het. Dit is dié wat julle vertel Wie Ek is!" Dis wat die Skrif gesê het. Nou: "Hulle getuig van My. En as Ek nie die werke doen wat belowe is dat Ek sal doen nie, as Ek nie die werke van My Vader doen nie, die Woord. . .'In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon.' Nou, as Ek daardie Persoon is, ondersoek die Skrifte en sien wat Ek veronderstel is om te doen. En as Ek nie kwalifiseer nie; as My werke, die werke waarvan die Woord getuig, die Vader van My getuig, as hulle nie bevestig Wie Ek is nie, dan is Ek verkeerd." Dis reg. "As julle My nie kan glo nie, glo die Woord," Hy het gesê: "die werke wat die Woord voortbring."

81 Sien, Hy was 'n vreemdeling onder hulle. Hulle het Hom nie geken nie. "Ons sal niks met hierdie Vent te doen hê nie, net 'n snaakse Vent wat daar onder iewers in 'n stal gebore is." En hulle het geglo dat Sy moeder hierdie Baba voor Dit gebore is, of voor Dit was. . .hierdie Baba deur 'n buite—egtelike geboorte gehad het, liewer. En toe, het hulle, voordat die Baba gebore is, het sy weggegaan en met Josef getrou; en hy het dit gedoen net om die skandepunt van haar af te hou, haar

karakter. “En Hy het ’n snaakse soort van ’n Vent geword, want Hy was ’n buite—egtelik gebore kind, en dis die rede waarom Hy so was.”

En toe Hy uitgekom het, wat het Hy gedoen? Hulle geloofsbelydenisse afgebreek, hulle tafels omgedop, hulle uit die plek gejaag, en gesê: “Daar staan geskrywe!” Amen! [Broer Branham klap sy hande vier keer—Red.] Dit behoort te gesê het Wie Hy was. “Daar staan geskrywe!”

82 Wel, hulle wou niks met so ’n Vent soos dié te doen hê nie. Maar ver onder diep in hulle hart, het hulle geweet Wie Hy was, want Nikodémus het dit openlik gesê: “Rabbi, ons, die Fariseërs, ons weet U is ’n leraar wat van God kom, want geen mens kon die dinge doen wat U doen, tensy God met Hom is nie.” Hoekom het hulle Hom toe nie bely nie? Dis omdat hulle laer sy grense vasgestel het. Dit sou Hom nie in die laer toelaat nie. Dit sou niemand na Hom toe laat uitgaan nie. Hulle het hulle eie laer gehad. Hy het in die nag gekom, toe die poort behoorlik toe was. Maar hy het gevind dat hy Hom, in elk geval, kon ontmoet.

83 Ja, nou dieselfde! Hulle het. . .Hy het ’n vreemdeling, uitlander geword. Hulle verstaan Dit nie. “Hoekom sou *dit* wees, en hoekom sou *dat* wees?” Wanneer die Woord, Sigself getuig dat dit presies is wat veronderstel is om in hierdie dag gedoen te word. Hoe het ons daardeur gegaan, oor en oor, maar dis die Waarheid.

84 Hy was vir hulle in hul laer: “’n Fanatikus, ’n verbreker van hulle tradisie, ’n versteurder van hulle kerke, regtig net ’n fortuinverteller, ’n spiritualis wat ‘Beëlsebub’ genoem word. Dis wat Hy was.”

En ek glo as Hy vandag onder ons kom, sou Hy dieselfde ding vir ons wees. Want, ons het tradisie, ons het denominasie, ons kan selfs nie met mekaar klaarkom nie. Hoekom? Daar is net een plek waar ’n mens kan klaarkom, dis onder die gestorte Bloed. En die Bloed is gestort, as ’n kiem van lewe, om die Saad, die Woord te bevrug. Buitekant dit, sal ons denominasionele versperrings altyd mense weghou.

85 Maar Hy sou vandag ’n vreemdeling gewees het. Hy sou dieselfde ding genoem word. Hy sou teen opgetree word, Hy sou buite die laer uitgesit word. En het julle geweet. . . Dieselfde Bybel wat gesê het Hy sou deur die mens verwerp word: “’n Man van smarte, bekend met krankheid,” en hulle het verwerp: “en ons het Hom geag as deur God geslaan en verdruk,” die einste Skrif wat dit gesê het. Die einste profeet wat uitgesing het: “My God, My God, waarom het U My verlaat? My beendere, hulle staar almal na My. Hulle het my hande en My voete deurgrawe.” Toe hulle daardie gesang in die kerk gesing het; hulle Offerande, die God wat hulle gedink het hulle dien, was hulle aan die kruisig.

So is dit vandag, die einste God!

86 Kyk wat die profeet, Amos, gesê het, toe hy in Samaria gekom het. En sy klein ogies het vernou terwyl hy daar aangekom het en daardie sondige stad gesien het, vroue wat in die straat lê met mans, ’n moderne Amerika. Toe hy daaroor uitgekyk het, het sy oë vernou. En hy het niemand gehad om hom te borg nie. Hy het geen genootskapskaart gehad nie. God het hom gestuur. Sou die mense na sy Boodskap luister? Nee, hulle wou hom nie hoor nie. Maar hy het geprofeteer en hy het gesê: “Die einste God wat julle voorgee om te dien, sal julle vernietig.”

En ek sê, in die Naam van Jesus Christus! Die einste God wat hierdie nasie voorgee om te wees, ’n godsdienstige nasie, die einste God wat hulle voorgee om te dien, sal hulle in hulle ongeregtigheid vernietig. Hy sal elke denominasie van die aarde af vernietig wat hulle voorgee om te dien.

87 Dus, let op, Hy het hulle bestraf, en hulle het Hom buite die laer gesit. “Jesus het buitekant die laer gely.” Hulle het Hom uit die laer, buitekant, ver buite hulle laer gesit.

88 Ons vind uit dat die Bybel gesê het, in hierdie laaste dag onder die Laodicese Tydperk, dat hulle dieselfde ding sou doen. Hulle sou buite die kamp uitgesit word.

Nou kyk wat Hy sê om nou te doen, ten slotte.

“Buite die laer uitgesit,” waar die offerandes verbrand is. Dis waar Hy gehoort het. Hy was die Offerande.

89 Nou, broer, suster, weet julle dat elkeen van julle almal moet opoffer? Julle moet God se offerande wees; offer die dinge van die wêreld op, offer julle eie plesier van die wêreld op, offer die dinge van die wêreld op? Ken julle die rede waarom mense dit nie wil doen nie?

90 Julle weet, ’n skaap, ’n skaap het maar net een ding om op te offer, en dis wol. En, nou, word hy nie gevra om ’n bietjie wol vir vanjaar te produseer of te maak nie. Hy word gevra om te produ—. . .om wol te dra.

Ons word nie gevra om iets te maak nie. Ons word gevra om die vrugte van die Gees te dra. Dit is, die binnekant van die skaap, wat hy aan die binnekant is, maak die wol aan die buitekant. En wanneer ’n man Christus aan die binnekant het, maak dit hom soos Christus aan die buitekant, nie een of ander kunsmatige vertoning nie.

91 Wel, ons vind dat wanneer dit gebeur, wanneer Christus terugkeer, hoe word Hy behandel? Net presies soos dit by die begin was. Was altyd so.

92 Dus, Hy het hulle so bestraf, dat hulle hul buite Sy laer geplaas het en Hom soos ’n sondaar gemaak het. Wat: “Hy het sonde vir ons geword.”

93 Nou, na honderde jare, ja, amper tweeduisend jaar, het Hy hulle laer weer besoek volgens Sy beloofde Woord wat Hy in die laaste dag sou doen. Hy moet die laer weer besoek. Hy het die laer besoek om hierdie Woord vandag te manifesteer.

Net soos Hy terug in daardie dag besoek het, en Hy in Moses se dag gedoen het. Dit was nie Moses wat dit gedoen het nie; Moses was ’n man. Dit was Christus.

94 Kyk na Josef, die lewe; geliefde deur die vader, gehaat deur sy broers omdat hy ’n siener was. En hulle het hom sonder ’n oorsaak gehaat. Dit was die enigste oorsaak waarvoor hulle hom kon haat.

Presies ’n volmaakte tipe van vandag. Die kerk, hulle haat weereens die geestelike ding.

En ons vind uit dat hy vir byna dertig stukke silwer verkoop is, en was veronderstel om dood te wees. Is opgetel en in ’n gevangenis gesit; soos Jesus op die kruis was. Een man verlore, en een man gered; en is vandaar na die regterhand van Farao geneem. Dis presies die manier soos met Jesus gedoen is.

95 Dit was Dawid, en wat bo deur die strate gegaan en gehuil het, verworpe koning; en bo—op die berg gesit en huil, het oor Jerusalem. Dit was nie Dawid nie. Die Seun van Dawid het ’n paar honderd jaar daarna op dieselfde heuwel gesit en huil omdat Hy ’n verworpe Koning onder Sy Eie mense was. Dis altyd Christus.

En vandag, wanneer dit geprofeteer is dat Christus in die laer moet kom, weet julle wat gebeur het? Dit sal net presies so wees soos dit toe was. Dit moet so wees, om te vervul wat die Woord hier belowe Hy sal doen.

96 Nou, onthou, Christus was in die eeu van Noag. Dit was Christus: “Jesus Christus is gister, vandag, en vir altyd dieselfde,” die verworpe Woord van die uur.

97 Let op, en Sy profesie van Openbaring 3, het gevind, toe Hy in die laaste dag gekom het, soos Hy geprofeteer het Hy in hierdie laaste dag sou kom. En hoe het Hy die kerk by Laodicéa gevind? “Ryk, het aan niks gebrek nie.” “En sit as ’n koningin en kon geen droefheid sien nie.” “En het Hom buitekant die kerk gesit,” het Hom nie nodig gehad nie. Hy het weer buitekant die laer gegaan. Maar toe het sy nie geweet dat sy nakend, blind, en miserabel was nie; en dit nie geweet nie.

98 Weereens, as Hy weer op dieselfde manier kom soos Hy toe was, sou Hy elke vrou wat kortbroek dra, bestraf het. Hy sou elke vrou met kortgeknipte hare, elke gegrimeerde gesig, elke man wat klein genoeg sou wees om sy vrou dit toe te laat, bestraf het. Dan sou Hy elke denominasie wat daar was afbreek, en elke geloofsbelydenis wat ons het opbreek. Glo julle Hy sou dit doen? [Gemeente: “Amen!”—Red.] Hy sou verseker. Dis reg.

99 Wat sou hulle met Hom doen? Hom buite die laer sit. Hulle sou sekerlik nie met Hom saamwerk nie. Nee, meneer!

100 Nou ons vind Hom weer, in hierdie dag, soos die Bybel gesê het Hy sou, uit die laer gesit. Want Hy bly altyd dieselfde, die Woord, selfde gister, vandag, en vir altyd.

101 Hulle—hulle wil Hom nie hê nie. Hulle het Hom weer verwerp, met hulle raad. Hulle sou verkies, vandag, soos toe hulle toé gedoen het toe Hy aangekla is. En vandag, wanneer die Woord aangekla word, gebeur wat? Hulle het weer verwerp soos hulle toé gedoen het, en Barabbas aanvaar, 'n moordenaar, in plaas van Christus. Die raad sou dieselfde ding doen. En, vandag, omdat hulle die Woord en die perfekte bevestiging van die uur verwerp het, het hulle uitverkoop en 'n Barabbas verkies, die Wêreldraad van Kerke, 'n moordenaar van die Woord. [Leë kol op band—Red.]

102 Hulle ontken Sy Woord, ontken Sy doop, ontken Sy Krag, verwerp Sy tekens. En weer met 'n geloofsbelydenis van tradisie, van omgedraaide krae dra, en alles, en vir hulself geloofsbelydenisse maak, ensovoorts, probeer hulle om, op goeie werke. Hulle was nie verordineer tot Lewe, om mee te begin nie. Hulle het niks gehad om mee te glo nie.

"Hy wat My ken, ken My Vader. En soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle." Die God wat Jesus gestuur het, het in Jesus gegaan. En die Jesus wat jou stuur, gaan in jou. "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen. Gaan heen na die hele wêreld, en preek die Evangelie aan elke skepsel," swart, geel, wit, bruin, wat ook al hy mag wees. "Hierdie tekens sal hulle, wat glo, volg." Hoe ver? "Die hele wêreld, en aan elke skepsel."

103 'n Klein Baptiste prediker, nie lank gelede nie in Tucson, het na my toe gekom, gesê: "Broer Branham, hier is jou probleem. Jy probeer hierdie 'n apostoliese eeu maak." Hy het gesê: "Daar is glad nie so 'n ding soos 'n apostoliese eeu vandag nie. Die apostoliese eeu is verby."

104 Ek het gesê: "Dit is? Ek weet dit nie."

Toe het hy gesê: "Wel, dit is."

Ek het gesê: "Jy seker?"

Hy het gesê: "Sekerlik. Ek's seker," het hy gesê.

"Goed," het ek gesê: "hoe dink jy is dit verby?"

Gesê: "Daardie was vir die apostels."

105 Ek het gesê: "Petrus het gesê op die Dag van Pinkster. Glo jy sy Woord?"

"Ja, meneer."

106 "Hy het gesê: 'Bekeer, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus. Want hierdie belofte is aan julle,

en aan julle kinders, en aan julle kinders se kinders, en aan hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here ons God sal roep.'"

107 Hierdie selfde belofte, ons moet terugkom daarnatoe! [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] Dokter Simon Petrus het 'n voorskrif geskryf. Die Bybel het gesê: "Is daar geen balsem in Gileád nie? Is daar geen dokter daar nie?"

Wel, julle weet, as jy 'n dokter se voorskrif neem. Wanneer hy 'n siekte in jou liggaam vind, en hy skryf daardie voorskrif; beter jy dit uitvoer, ware apteker kry wat dit net so sal uitvoer as wat dit geskryf is. Want, hy moet soveel gif daarin sit, en soveel teengif, soveel dat jou sisteem sal neem. Julle sien, hy. . .Dis alreeds probeer en bewys, en jy moet daardie voorskrif neem. As jy dit nie doen nie, jy kry 'n sekere kwak dokter om daarmee rond te speel, wat nie weet om daardie medisyne reg uit te meet nie, sal hy jou doodmaak. En as hy te veel swakheid daarin sit, sal dit jou geensins help nie.

108 En dis wat die probleem is met 'n klomp van julle dokters. [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] Julle speel met daardie voorskrif!

Petrus het gesê: "Ek sal vir julle 'n ewigdurende voorskrif gee, vir julle, en julle kinders, en hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here ons God sal roep." Nie: "Kom en sluit aan nie." Maar: "Bekeer, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus vir die vergifnis van sondes, en julle sal die resultate ontvang," amen: "die Heilige Gees. Want die belofte, hierdie voorskrif, is vir julle, en aan julle kinders."

Nou, party van julle kwak dokters, hou op om daardie valse voorskrifte te skryf. Sien? Julle maak julle mense dood. Uh—huh. Dis die rede waarom die regte Ding nie by hulle uitkom nie. Ja.

109 Julle weet, op hierdie selfde voorskrif, hoe die dokter sy medisyne vind. Hulle neem altyd en. . .Die wetenskaplikes probeer altyd iets uitdink, dan gee hulle dit vir 'n proefkonyn, en kyk of dit hom doodmaak of nie.

En dan, julle weet, medisyne, het 'n kans om te vat. Jy, jy mag gesond word, en dit mag dit jou doodmaak, sien, want miskien, is alle mense nie soos proefkonyne nie.

So, maar daar is een ding omtrent hierdie voorskrif, dis vir almal.

110 En, dan, enige ware goeie dokter wat nie. . .heelwat geloof in sy eie medisyne het nie, hy sal nie iemand anders vra nie. Party van hulle is lafhartig genoeg om 'n lewenslange gevangene te kry, en hom dan vry te laat as hy dit oorleef, laat hom die voorskrif neem.

111 Maar, in hierdie geval, het ons ’n ware Dokter gehad. Hy het gekom, die voorskrif geneem, Self. Sien? “EK IS.” Nie: “Ek sal wees nie.” “Ek is die opstanding en die Lewe,” sê God. “Hy wat in My glo, hoewel hy dood was, sal hy lewe. En wie ook al lewe en in My glo sal nooit sterf nie.” Martha het gesê…Hy het gesê: “Glo jy dit?”

112 Sy het gesê: “Ja, Here, ek glo dat U die Christus is wat na die wêreld moes kom. Maak nie saak hoeveel die res van hulle U noem nie, ek het dit klaar gesien!”

113 By Golgota, het Hy die inspuiting geneem, Self. En op Paasoggend, kon die dood Hom nie vashou nie. “Ek is die opstanding en die Lewe.” Hulle het dood in Hom ingespuit, maar Hy het opgestaan, seëvierend oor die dood, hel, en die graf. Hy het die inspuiting, Self geneem.

En Hy het ’n paar dokters uitgestuur om ’n voorskrif te skryf, wie die openbaring gehad het van Wie Hy was.

“Wie sê die mense dat Ek die Seun van die mens is?”

114 Petrus het gesê: “U is die Christus, die Seun van die lewende God.”

115 Hy het gesê: “Geseënd is jy, Simon. Jy het dit nou. Ek gee aan jou die sleutels van die Koninkryk. Wat ook al jy bind op aarde, sal Ek dit bind in die Hemel. As jy losmaak op aarde, sal Ek dit losmaak in die Hemel.”

116 En op die Dag van Pinkster, toe hulle dit alles sien aangaan het, het hy gesê…Hulle het gesê: “Wat kan ons doen om hierdie inenting te kry?”

117 Hier het hy die voorskrif gelees. Hy het gesê: “Nou gaan ek ’n voorskrif skryf. Dis vir julle, en aan julle kinders, en aan hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here ons God ooit sal roep.”

Moenie peuter met die voorskrif nie; julle sal sterf! Hulle maak dit so swak, vandag, dat dit niks anders is as ’n denominasionele water is nie, dis reg, ’n balsemvloeistof wat hulle in ’n dooie man inspuit om hom dooier te maak.

O, maar, broer, daar is ’n egte salwing! Daar is ’n…?… Dis vir die genesing van die siel. Moet net nie peuter met die voorskrif nie. Neem die voorskrif net die manier waarop dit geskryf is, en God het ’n verpligting teenoor Sy Woord; het nie ’n verpligting teenoor die geloofsbelydenis, of die leerstelling, of die denominasie nie. Hy het ’n verpligting teenoor Sy Woord. Volg die voorskrif, dis die eerste basis. Begin, dan is jy ingeskryf en gereed om te gaan werk.

Let op: “buite die laer.”

118 Hulle het vandag ’n Barabbas gekies. Wanneer die Evangelie heen en weer oorgegaan het, om die wêreld, groot

tekens en wonders het die herlewing gevolg, maar, in plaas van om in te kom en te probeer om dit te doen, sluit hulle reguit aan by Barabbas. "Voordat ons hierdie onsin, ensovoorts, in ons kerk sal hê, sal ons klassiek wees soos die res van hulle." Nou het hulle Rome en almal van hulle saam, 'n Barabbas. Let op, ons is dan in daardie groot laer.

119 Ons word uitgenooi om buite daardie laer te gaan. "Jesus ook, dat Hy ook die mense kan heilig met Sy Eie Bloed, het buitekant die laer gely. Laat ons na Hom buitekant die poort gaan," kyk: "en Sy smaad dra."

120 Waarvoor was Hy gesmaad? Nie omdat Hy 'n Metodis of Baptis was nie, ek verseker julle dit; nie omdat Hy 'n Fariseër of Sadduseër was nie. Omdat Hy die bevestigde Woord was.

121 "Sy smaad dra," vir (wat?) die bevestigde Woord. Dis reg. Dit was wat Hy gedoen het. Hy het gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie; as Ek nie die antwoord op al die Skrif se vrae is nie."

122 Jesus van die Nuwe Testament was Jehova van die Oue. Presies reg! Ek glo, soos ek julle hier nou vertel het, 'n tyd gelede, of iewers in 'n diens. Dit was miskien nie hier nie. "Jehova van die Ou Testament is Jesus van die Nuwe." Julle onthou die—die—die . . .

Toe ek gaan eekhoring jag het daardie môre, en daar was dit, daardie drie groot stamme het inmekaargeloop daarbuite, reg op die berg; en ek wat daar staan en daarna kyk. En ek het naby gekom en my hoed afgehaal, my geweer neergelê, soontoe gegaan. En 'n Stem het die woud geskud, gesê: "Jesus van die Nuwe Testament is Jehova van die Oue. Bly getrou." So reg daaronder waar die eekhorinkies verskyn het, toe, ontstaan het waar daar geen vantevore was nie. Sien? Dis Waarheid. Sien? Dis waar. So, God weet, voor Wie ek staan, dis die Waarheid daarvan. Dis reg. Dis die Waarheid.

123 Reg onder in Kentucky; en daar's mense wat vanaand reg hier sit, was teenwoordig toe dit weer gebeur het, dieselfde ding. Ja. Ons weet dat dit die Waarheid is; Jesus van die Ou Testament!

124 Soos toe die Chinese mense die eerste keer hierheen gekom het, kon hulle nie ons taal lees of skryf nie, maar hulle was goeie wassery—mense. En so hulle sou . . . Jy sou afgaan na die Chinese wassery. Hy het net vir hom 'n paar skoon, klein wit etikette gekry. Hy kon nie een ding lees nie, en hy't geweet jy kon dit nie lees as hy dit geskryf het nie. So, wanneer jy kom, het hy net sy klein stukkie wit papier geneem, iets van *hierdie* soort, sê, net hier, en hy het dit op 'n sekere manier soos *dié* geskeur. Nou, hy het vir jou een stukkie papier gegee en hy't die ander stukkie papier gehou. En dan, wanneer jy terugkom

vir jou wasgoed, het hy gesê: “Laat my jou stukkie papier sien.” En hy het hulle gekry; as dit ooreengestem het, dit was dit. Jy het jou vuil wasgoed skoon teruggekry.

125 En Jesus het ooreengestem met elke profesie; elke ontwerp van Jehova van die Ou Testament, is Jesus van die Nuwe. Hy het ooreengestem met alles.

Laat my dit sê met goddelike vrees en respek, maar liefde, maar opregtheid van weet waar ek staan. Die Boodskap van hierdie uur het met alles ooreengestem waarvan die Bybel gespreek het vir hierdie uur. Nou, as jy party vuil klere het, gee hulle in. Uh—huh. Is jy gewas in die Bloed van die Lam?

126 Let op: “dra Sy smaad,” want Hy was die bevestigde Woord. Soos toe, so is dit nou, Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Hebreërs 13:12 en 13. Ons vind Hebreërs . . .:8, 13:8, ook. “Dra Sy skaamte,” van die Evangelie.

127 Dra Sy Naam! Hy het gesê: “Ek het gekom in My Vader se Naam.” Wat is die Naam van die Vader? Hy het gekom in Sy Vader se Naam. Gesê: “Ek het gekom in My Vader se Naam en julle het My nie ontvang nie.” Wel? Wat is die Vader se Naam? Ek reken julle behoort te weet. Sien?

Dra die smaad van die Woord. Dit was altyd buite hulle laers uitgedra. Hulle het Dit uitgesit. Jy sal voor gelag word, en gespot word.

128 En, vandag, waar ek eens oor die nasie begin gaan het . . . Praat nie van myself nie; moet asseblief nie dink hierdie is ’n persoonlike nie. Maar, my tyd is verby, en ek het omtrent tien bladsye hier. Julle kan sien wat hier oor is, sien, sien, goed, van notas. Maar, luister. Eers begin uitgaan het . . .

129 Het julle na Jesus opgelet toe Hy eers begin het? “O, die jong Rabbi. O, Hy was ’n wonderlike Man! Kom oor na ons kant. Kom preek vir ons.”

130 Maar eendag het Hy gaan sit by hulle, en het Hy gesê: “Behalwe as julle die vlees van die Seun van die mens eet, en Sy Bloed drink, het julle geen Lewe in julle nie.”

131 Wat dink julle het die dokters en die intellektueles van die skare gedink? “Hierdie Man is ’n vampier.” Sien? “Hy wil hê julle moet mensbloed drink. Dis te veel vir ons. Kry Hom weg. Die—die priesters het gesê Hy was kranksinnig; ek glo dit.” En die Bybel het gesê hulle het weggeloop.

132 Toe het Hy sewentig verordineerde predikers gehad. En Hy het gesê: “Ek kan hulle nie hê nie.”

So Hy het omgekyk na hulle toe, Hy het gesê: “Wat sal julle sê wanneer julle die Seun van die mens sien opvaar in die Hemel waarvandaan Hy gekom het?” Nou, Hy het nooit hierdie dinge verduidelik nie. Hy het hulle net alleen gelaat. Sien?

133 En hulle het gesê: "Seun van die mens? Wat? Ons het geëet saam met die Man. Ons het visgevang saam met Hom. Ons het op die oewers gelê saam met Hom. Ons het die wiegie gesien waarin Hy gesus was. Ons ken Sy moeder. Ons ken Sy broer. Wie kan 'n ding soos Hierdie ontvang?"

En die Bybel het gesê: "Hulle het nie meer saam met Hom gewandel nie."

134 En Hy het omgedraai na Petrus en die res van hulle, gesê: "Ek het twaalf gekies, julle twaalf." Nou, uit die duisende, is hy af na twaalf. Hy het gesê: "Ek het twaalf gekies. Dan, een van julle is die duiwel. Ek het dit geweet, van die begin af." Hy het gesê: "Nou wil julle saam met hulle gaan?"

Hy hoef nie nodig gehad om te sus en troetel nie, en: "Ek sal jou 'n diaken maak as jy by my kerk aansluit," nie. Sien? Geen bybedoelings gehad nie. Hy het dit nooit eers verduidelik nie. Ook die dissipels kon dit nie verduidelik nie.

Maar, julle onthou, Hy het hulle net vertel: "Ek het julle geken voor die grondlegging van die wêreld. Ek het julle verordineer om vreugde te ontvang saam met My." Sien? Daar was dit: "voor die grondlegging van die wêreld," voorbestem.

135 Daardie apostels het daar gestaan net so ernstig. Hulle kon nie verduidelik hoe hulle Sy vlees sou eet en Sy Bloed sou drink nie. Hulle kon nie verstaan hoe Hy ooit afgekom het nie, wanneer Hy net daar by hulle was die hele tyd nie. Hy kon dit nie verduidelik nie. Die mense kon dit nie verduidelik nie. Niemand kon dit verduidelik nie.

Maar Petrus het daardie merkwaardige woorde gesê. Geen wonder Hy het hom die sleutels gegee nie. Hy het gesê: "Here, na wie toe sal ons gaan? Ons is oortuig. Ons weet dat U, en U alleen, die bevestiging van die beloofde Woord vandag is. Ons weet dat U alleen die Woord van Lewe het. Ons kan nie hierdie dinge verduidelik nie, maar ons glo Dit in elk geval."

136 Klein Martha het gesê: "My broer is dood. Hy lê in die graf. Hy's verrot; hy stink. Here, as U hier sou wees, sou my broer nie gesterf het nie. Maar selfs nou, wat ook al U God vra, sal God vir U gee." O, goeiste!

137 Hy het gesê: "Ek is die opstanding en die Lewe. Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe. Wie ook al lewe en glo in My, sal nooit sterf nie. Glo jy dit?"

138 Sy het gesê: "Ja, Here. Ek kan dit nie verduidelik nie, maar ek glo dit. Ek glo dat U die Christus is wat na die wêreld toe moes kom. Ek glo, volgens die opmerkbare Skrif, dat U aan die vereiste Daarvan voldoen."

139 Gesê: "Waar het julle hom begrawe?" O, goeiste! Iets moet gebeur. Elke wiel kom bymekaar op die regte tyd. Sien?

140 Hy het afgeloop na die graf. Die Bybel het gesê: "Geen skoonheid dat ons hom sou begeer nie." Waarskynlik 'n Kêrel met geboë skouers, gestaan met sy klein skouers wat hang, moeg en uitgeput van stap.

Hy het gesê: "Lasarus, kom uit!" En 'n man wat dood was, vier dae, het op sy voete gestaan.

141 'n Christen Wetenskap vrou. Verskoon my as ek julle gevoel seermaak; ek bedoel nie so nie. 'n Christen Wetenskap vrouván hierdie kerk, het my eendag daarbuite ontmoet. En sy het gesê: "Meneer Branham," sy het gesê: "ek hou van jou prediking, maar daar's een ding waarop jy te veel is!"

Ek het gesê: "Wat is dit?"

Gesê: "Jy spog te veel met Jesus."

142 Ek het gesê: "Ek hoop dis al wat Hy teen my het." Sien? Sien? Sien?

143 Sy het gesê: "Jy maak Hom Goddelik." Sien, hulle glo nie Hy was Goddelik nie. Hulle glo Hy was net 'n gewone man, goeie leraar, filosoof. Gesê: "Jy maak Hom Goddelik. En Hy was nie Goddelik nie."

144 Ek het gesê: "O, ja, Hy was."

Sy het gesê: "As ek vir jou bewys, met jou eie Bybel, Hy's nie Goddelik nie, sal jy dit glo?"

145 Ek het gesê: "My Bybel het so gesê, ek—ek glo die Woord. Dis Wie Hy is."

En sy het gesê: "In Johannes, die 11de hoofstuk, toe Jesus afgegaan het na die graf van Lasarus, het die Bybel gesê Hy het geween."

Ek het gesê: "Wat het dit daarmee te doen?"

Sy het gesê: "Wel, dit wys Hy was nie Goddelik nie."

146 Ek het gesê: "Jy sien net nie Wie die Man was nie. Hy was beide God en mens. En as 'n man, geween, toe Hy geween het vir hulle verdriet. Maar toe Hy gestaan en gesê het: 'Lasarus, kom uit,' en 'n man wat dood was, vier dae, het weer op sy voete gestaan, dit was meer as 'n man." Ja, meneer! Ja, inderdaad!

147 En ek het dikwels die stelling gemaak, toe Hy van die berg afgekom het, daardie aand, honger, was Hy 'n man. Hy was honger die volgende oggend. Hy was 'n man. Maar toe Hy twee broodjies en vyf visse geneem het, en vyfduisend gevoed het, sewe mandjies opgetel het, dit was meer as 'n man. Ja, meneer. Hy was 'n man, op die kruis, toe Hy uitgeroep het: "My God,

het U my versaak?" Toe Hy uitgeroep het: "Gee My iets om te drink," en hulle Hom asyn en gal gegee het, was Hy 'n man, wat gehuil het. Maar op Paasoggend, toe Hy elke seël van die dood, hel, en die graf gebreek het, en opgestaan het, was Hy meer as 'n man.

148 Hy was 'n man daardie aand, wat op die agterkant van daardie klein bootjie gelê het, waar Hy daarbuite was saam met die dissipels, en tienduisend duiwels van die see gesweer het hulle sal Hom verdrink. Uh—huh. Daarbuite in 'n klein ou skippie, soos 'n bottelprop daarbuite, soos dié; Hy was so moeg, het Hom nie eers wakkergemaak nie. Hy was 'n man toe Hy aan die slaap was. Maar toe Hy Sy voet op die rand van die boot sit, toe opgekyk het en gesê het: "Storm, wees stil," en die winde en die golwe Hom gehoorsaam het, was dit meer as 'n man. Dit was God!

Geen wonder die digter het gesê:

> Lewend, het Hy my liefgehad; sterwend het Hy my gered;
> Begrawe, het Hy my sondes ver weggedra;
> Opgestaan, het hy my vryelik vir ewig geregverdig;
> Eendag kom Hy, O heerlike dag!

149 Ja, meneer! Gaan uit buite die laer. Ek gee nie om wat dit kos nie.

> Hierdie toegewyde kruis sal ek dra
> Totdat die dood my sal vrystel;
> Dan Huistoe gaan, 'n kroon te dra,
> Want daar's 'n kroon vir my.

150 Afsluitend, sal ek dit sê. Ek het 'n storie gelees 'n tyd gelede, oor 'n regter. Hy was 'n regverdige man, 'n goeie man, was geliefd. En daar was 'n klomp mense in die stad, wat gedink het hulle kan wegkom met enigiets, so, hulle het baie gehad, so hulle het 'n bordeel oopgemaak, 'n drankwinkel bedryf, drank, alles soos daardie. Dit was onwettig. En hulle was gevang deur die wet, die federale man, en was voor die hof gebring. En toe al die mense van die stad, die klein stad ingekom het, hulle het geweet hierdie man het 'n klomp dinge daarrond gedoen, die man wat die bordeel bedryf het. En hulle—hulle die jurie, het die man skuldig bevind, want hy was oophand gevang. En so het die regter hom toe skuldig bevind, en toe gevonnis vir soveel jaar, sonder borg, sonder appél of enigiets, het hy hom gestuur, want dis wat die wet gelees het.

151 Die mense buitekant die hof het op hom afgestorm, en gesê: "Weet jy wat? Elke persoon in hierdie dorp sal jou haat!" Gesê: "Hulle haat jou omdat jy daardie besluit oor daardie man gemaak het." Hulle was almal dobbelaars, self. En gesê:

"Ons—ons sal jou almal haat. Ons sal jou nooit weer verkies nie. Ons sal nooit weer een van ons vir jou stem nie," hom uitgejou soos hy in die straat afgegaan het.

152 En hy het net 'n oomblik gestaan, gesê: "Laat my 'n woord sê." Hy het gesê: "Ek het presies gedoen wat my plig was. Daardie man was skuldig, maak nie saak wie hy was nie. En ek moes hom vonnis volgens die wet wat ek gesweer het ek sal nakom."

Hy het gesê: "Jy is gehaat in hierdie dorp!"

153 Hy het gesê: "Maar ek is grootliks geliefd tuis, deur my mense."

154 Ons mag dieselfde ding dink, as julle die uitdrukking sal verskoon. Ek het gestaan vir wat ek gered is om te doen, hierdie Woord van God na te kom. Ek weet die denominasies haat my vir die dinge wat ek sê, maar ek is grootliks geliefd by Sy Huis, onder Sy mense.

Laat ons bid.

155 Here Jesus, ons mag gehaat wees deur die wêreld, maar geliefd deur die Vader. Help ons, Dierbare God. Help hierdie mense, dat elkeen van hulle, Here, dat U seëninge op hulle sal rus. Laat ons nou buite die laer uitgaan. Laat ons buitekant ons eie denke gaan. Laat ons na die denke van God gaan. En die Bybel het dit gesê: "Laat die gedagtes wat in Christus was, in julle wees." So laat ons Sy gedagtes dink, nie ons eie denke nie, want meeste van die tyd is ons verkeerd. So, om seker te wees, laat sy gedagtes in ons rus. En Sy gedagtes was om die Vader se wil te doen, en die Vader se wil is Sy beloofde Woord.

156 Laat ons buitekant die laer gaan, vanaand, Here, en Jesus vind. Ons sal Hom nooit vind deur by die kerk aan te sluit nie. Ons sal Hom nooit vind deur met 'n sekere prediker hand te skud nie, of—of 'n sekere geloofsbelydenis te onderteken nie, of iets wat ons belowe om soveel dae in die jaar na die Sondagskool te gaan, ensovoorts nie. Ons sal Hom slegs in die Woord vind, want Hy is die Woord.

157 En soos ons hierdie dag sien, wat beloof is, dat Hy buitekant die laer sou wees, weer uitgesit; laat ons nou buitekant die laer gaan, gereed om Sy smaad te dra; gehaat deur hierdie wêreld, maar geliefd deur die Een Wat ons na die Laer genooi het. Skenk dit, Here.

158 As daar diegene hier is wat Hom nie ken nie, en nooit buite die laer van 'n sekere kerk affiliasie gegaan het nie, tog bely jy om 'n Christen te wees. Maar wanneer jy sê: "Hierdie dinge, glo ek, is vir 'n ander dag," dit wys dit kan nie die Heilige Gees wees nie.

Hoe kan 'n man wat gevul is met die Heilige Gees ooit gedoop wees deur die naam van "Vader, Seun, Heilige Gees" te gebruik? Toe, Paulus, die groot apostel, gesê het: "As 'n Engel uit die Hemel kom..." Jy mag dit gedoen het, eenkeer, sonder om anders te weet. Daardie mense het dit gedoen, sonder om anders te weet, in Handelinge 19. Maar het gesê: "'n Engel enigiets anders preek, laat dit vervloek wees."

Hoe kan jy 'n sekere geloofsbelydenis aanvaar, of 'n sekere isme, iets dergeliks, wanneer die Bybel gesê het: "Die belofte is aan julle," hierdie selfde ding: "die ware doop van die Heilige Gees"?

159 Hoe kan die Heilige Gees, wat die Woord geskryf het, in jou wees, en die Woord ontken? Hoe kan dit ontken wanneer die einste Heilige Gees Self gesê het: "As enige persoon een woord Hierby sal voeg of enigiets Hieruit sal wegneem, sal Ek sy deel uit die Boek van die Lewe wegneem"? Hoe kan die Heilige Gees dan enigiets wegneem uit die Woord, of enigiets by die Woord voeg?

160 My vriend, beide hier en in die onsigbare wêreld waar die band sal heengaan, onsigbaar vir ons nou, laat daardie diep in jou hart gaan van vanmôre se Boodskap oor die lering, siende waar ons is. As jy nog nooit ooit hierdie voorskrif geneem het waarvan ek 'n rukkie gelede gepraat het nie, sal jy dit nie ontvang nie? Ons is hier om alles te doen wat ons kan vir jou, om jou te help.

161 Ek is slegs 'n getuie. Ek is slegs 'n stemwerwer. Soos ons nou in Louisville het, die—die Demokratiese Konvensie van Kentucky, die...Hulle bou die platvorm vir hulle man wat verkies moet word. Ek bou ook 'n platvorm vir my Here. Sal jy Hom nie ontvang, vanaand, as jou eie nie?

162 Met ons hoofde gebuig, en ons harte, ook, in hierdie oomblik, sal julle net julle hande opsteek en sê aan God. Nie aan my nie; ek is net 'n man. Steek julle hande op na God, sê: "God, wees my genadig. Ek wil waarlik al hierdie dinge hê waarvan ek gehoor het. Ek wil buitekant die laer uitgaan. Ek gee nie om wat enigiemand sê nie." God seën julle. Goeiste, vir die hande, vir die hande! "Ek wil buitekant die laer uitgaan. Maak nie saak wat dit my kos nie. Ek sal my kruis opneem en dit elke dag dra. Ek sal buitekant die laer uitgaan. Maak nie saak wat mense van my sê nie, ek wil Hom buitekant die laer volg. Ek is gereed om te gaan."

163 Hemelse Vader, U het daardie hande gesien. Miskien 'n honderd mense, of meer, in die gebou, het hulle hande opgesteek. Here, daar is iets naby hulle nou, 'n ander Persoon, die Persoon van Christus, die onsigbare vir die natuurlike oog, en het hulle 'n besluit laat neem. In hulle eie lewe, weet hulle

soos hulle in ’n spieël kyk, sien hulle daar is iets wat ontbreek. En hulle wil hulle lewens volgens die belofte van God gevorm hê, en hulle het hulle hande opgesteek met diepe opregtheid. Help hulle, Here, na die groot deur vanaand, na die skaapkraal. Mag hulle tederlik en nederig inkom. Skenk dit. Hulle is Uwe, Here. Deel met hulle.

164 Nou, hulle kon nie daardie besluit gemaak het nie, hulle kon nie hulle hand opgesteek het, sonder ’n bonatuurlike iets nie. Dit wys daar’s ’n lewe daar iewers. Want, volgens die wetenskap, sou swaartekrag hulle hande afhou. Maar, daar was iets wat hulle verstand getref het, wat hulle die wet van swaartekrag laat uitdaag het, en hulle hande laat opsteek het na die Skepper, wat hulle gebring het. “Ja, ek wil heelpad gaan. Ek wil buitekant die laer uitgaan, vanaand.”

165 Here, die bad is gereed vir die eerste ná bekering, dan gedoop te word, en ’n belofte om die Heilige Gees te ontvang. In hierdie laaste dae, ’n terugroep na die oorspronklike Geloof, die oorspronklike voorskrif! Ons sien te veel mense weg van Christus, sterwend onder hierdie ander mensgemaakte voorskrifte. Hulle mag o so goed in hulle denominasie wees, maar, Here, ek—ek wil U voorskrif hê.

U is ons Dokter. Daar is ’n Dokter. Daar is balsem in Giléad. Daar is ’n Geneesheer hier, vanaand, om elke sonde—siek siel te genees, om elke fisiese wese te genees. Groot Dokter van alle tye, groot Skepper van die hemele en aarde, kom nou, sal U, onder ons, en praat met ons. In die Naam van Jesus Christus.

166 Terwyl elkeen bid in hulle hart: “Here Jesus help my nou!” As jy nooit gedoop is nie, en jy’s oortuig. . .Ek het nie gepreek oor doop nie. Maar jy’s oortuig jy moet gedoop word in Christen doop, die enigste manier wat enige Christen. . .

167 Wat as jy Daarbo sou kom, gedoop op ’n sekere ander manier, en dieselfde Jesus Wie gesê het: “Wie een Woord sal wegneem, of een woord sal byvoeg, dieselfde sal weggeneem word uit sy deel van die Boek van die Lewe”? Jesus het dit gesê. En Hy het gesê: “Alle Skrifte is geïnspireerd en moet vervul word.” Nou weet jy anders. Wat gaan jy daaromtrent doen?

168 As jy net ’n sensasie of iets gehad het! Ek glo in sensasie. As jy slegs in die Gees gedans het, in tale gepraat het! Ek glo daarin, ook. Maar as dit is net so ver, en jou gees in jou sê jou om nie die Woord te volg wanneer jy weet Dit is reg nie, is daar iets verkeerd met daardie gees. Dit is nie die Heilige Gees nie. Dit kan nie wees nie. Sien, Dit sou Sy Eie Woord identifiseer. Jy weet dit. Jy kan nou gereedmaak om te kom terwyl ons bid.

169 Jesus van Násaret, kom nou naby en praat met elke hart. Ek gee hulle oor aan U. Mag hulle wees. . .Al hierdie hande,

hulle is trofeë van die Boodskap, Here, van U, en U groot magtige Teenwoordigheid wat nou by ons is. Enige mens wat sensitief is vir die Gees, kan sê dat U hier is, hierdie groot gevoel van heiligheid. Skenk dit, Here, net nou, in die Naam van Jesus Christus.

Nou, met ons hoofde gebuig.

170 As daar mans hier is wat gedoop wil wees in die Naam van Jesus Christus, wil bely, die doop van die Gees wil soek, daar is plek oop aan my linkerkant. Vroue, aan die regterkant. Daar sal iemand daarbinne wees om julle leiding te gee. Daar is doopklere wat wag, alles.

171 Nou, terwyl ons ons hoofde geboë hou, en sing. "Ek kan hoor my . . ." Ons sal julle ontmoet.

*Buite Die Laer Uitgaan*, Vol. 13 No. 2
(*Going Beyond The Camp*, Vol. 6 No. 3R)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Sondagaand, 19 Julie, 1964, by die Branham Tabernakel, in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., was oorspronklik van die magnetiese bandopname afgeneem en onverkort deur Voice of God Recordings gedruk. Hierdie Afrikaanse vertaling was gedruk in 2000 deur:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org